# EKSAMENFOKUS

*Hierdie rubriek het as oogmerk om 'n gesonde debat oor die verskillende fasette van eksaminering en evaluering aan die gang te sit. Die doel is allermins om hare te kloof, maar om almal wat by die "eksamen-spook" betrokke is met ander perspektiewe kennis te laat maak. Uiteraard is dit geen kinderspeletjies om 'n gebalanseerde en verantwoorde vraestel op te stel nie. Dit is ook wat hierdie saak betref heel dikwels so dat die beste stuurlui aan wal staan. As hierdie rubriek egter met die nodige verantwoordelikheid benader word, kan sowel die eksaminator as die leerling hierby baat. In die eerste artikel word die 1980-seniorsertifikaat-eksamen in die Transvaal deur mnr C Wright van die Pretoriase Onderwyskollege onder die vergrootglas geplaas.*

## DIE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN — 'N UITDAGING OF 'N NAGMERRIE

Wanneer daar kritiek uitgespreek word op die geskiedenisvraestel vir die seniorsertifikaat-eksamen van Transvaal, dan geskied dit met die wete dat die eksamenpaneel nie 'n vrye hand het om die vraestel na goeddunke op te stel nie. Ons is maar te bewus van die geweldige impak wat die eksterne moderator op die vraestel het. Die ironie van die saak is die feit dat die moderator se uitgangspunt verskil, of behoort te verskil, van die uitgangspunt van die geroepe geskiedenisonderwyser. Die maatstaf van die eksterne moderator is dat die resultaat van die eksamen 'n weerspieëling moet wees van die potensiaal van die historici-in-wonrding, terwyl die geskiedenisonderwyser klem laat val op die vormingswaarde van sy vak. Die probleem is dus dat die uitslag van die eksamen nie altyd 'n weerspieëling is van die mate waarin die geskiedenisonderwyser sy doelstellings verwesenlik het nie.

Wanneer die geskiedenisvraestel vir die seniorsertifikaat geëvalueer word, dan moet dit geskied aan die hand van die kriteria vir 'n goeie vraestel. Die vereistes vir 'n goeie vraestel kan kortliks soos volg saamgevat word:

1. Die instruksies moet kort, bondig en duidelik wees. In 1980 het die hoër graad-vraestelle elk 10 bladsye beslaan, terwyl die standaardgraad-vraestelle agt bladsye beslaan het. Dit is dus bykans onmoontlik om in die voorgeskrewe tyd van twee uur die vrae noukeurig deur te gaan om 'n sinvolle keuse te doen.
2. Die vrae moet so geformuleer word dat die kandidate weet wat van hulle verwag word. In hierdie opsig is dit veral die nie-opsteltipe vrae wat dikwels vaag en onduidelik gestel is. Dikwels word daar by die opsteltipe-vrae ook nie tydsgrense afgebaken nie.
3. Die vraestel moet verteenwoordigend wees van die hele sillabus.
4. Die vraestel moet geldig wees. In hierdie verband moet die eksaminator homself die volgende vrae afvra: Wat beoog ek met die vraestel; m.a.w. wat is die doel van die vraestel? Wat is my norm? Wat het die uitslag van die eksamen weerspieël? Is die uitslag van die eksamen betekenisvol? Kan ek die resultate interpreteer? Dit is moeilik om 'n antwoord op al hierdie vrae te kry, want tans word die uitslag van die eksamen slegs gebruik om 'n kandidaat te bevorder of te druip. Daar word geen ontleding van die uitslag gemaak om sodoende die leemtes in die vraestel te identifiseer nie.
5. Die vraestel moet betroubaar wees. Indien die vraestel nie betroubaar is nie, dan is die resultaat daarvan betekenisloos.
6. Die vraestel moet diskriminasiewaarde hê sodat die skrander kandidate hulleself van die minder skrander kandidate kan onderskei.

Behalwe bogenoemde kriteria moet die eksamenpaneel ook rekening hou met die algemene voorskrifte soos vervat in die sillabus. Verder moet hulle ook rekening hou met die lengte van die sillabus, want dit bepaal hoe intensief die werk behandel kan word.

As die opsteltipe-vrae van die hoër graad en standaardgraad van 1980 met mekaar vergelyk word, óók die vraestelle voor 1980, dan bestaan daar twyfel of differensiasie heeltemal tot sy reg kom. Dieselfde vrae word dikwels op dieselfde wyse in dieselfde jaar vir die twee groepe gevra; dikwels is jaartalle al onderskeid; soms is die vrae vir die standaardgraad selfs moeiliker as die vrae vir die hoër graad. In hierdie verband dien vraag 2 van die eerste vraestel (1980) in beide die kursusse as 'n voorbeeld. Vir die hoër graad word die vraag oor die vyfjaarplanne netjies tussen twee jaartalle afgebaken. Verder word vereis dat die kandidaat die betekenis van die vyfjaarplanne ontleed. Vir die standaardgraad is daar geen tydsaanduiding nie. Verder moet die kandidaat bespreek hoe dat Stalin d.m.v. die vyfjaarplanne Rusland tot 'n grootmoondheid verhef het. Die kandidaat moet dus nie net 'n evaluering maak van die vyfjaarplanne nie, maar hy moet ook spekuleer in welke mate Rusland wel voor die oorlog as 'n grootmoondheid bestempel kon word en dan evalueer in welke mate dit aan die vyfjaarplanne toegeskryf kan word. Ook wat vraag een van die tweede vraestel (1980) betref, is die vraag vir die standaardgraad moeiliker as die vraag vir die hoër graad. Die vraag vir die hoër graad lees soos volg:

"Bespreek kortliks die omstandighede en gebeure tussen 1912 en 1924 wat gelei het tot die verandering van die politieke situasie in Suid-Afrika".

Die vraag vir die standaardgraad lui soos volg:

"Bespreek die pogings om die republikeinse onafhanklikheid in Suid-Afrika te herstel, 1914-1920."

Die hoër graad-vraag wat handel oor die samestelling van die regering is ook makliker as die standaardgraad-vraag oor dieselfde onderwerp, omdat die hoër graad-vraag beantwoord moet word aan die hand van 'n toeligtende tabel. 'n Mens sou juis verwag dat die standaardgraad op hierdie wyse bevoordeel moes word.

Daar kan ook kritiek uitgespreek word oor die insluiting van die regterlike gesag in die vraestelle. Die eksamenpaneel gaan uit van die veronderstelling dat die regterlike gesag 'n integrale deel uitmaak van die sentrale regering. Hierdie veronderstelling is foutief, want dit is dan juis 'n kenmerk van ons regeringstelsel dat die regterlike gesag onafhanklik van die sentrale regering funksioneer. Vir enige kandidaat wat 'n insig

het in die ewolusionêre ontwikkeling van ons regeringstelsel skep dit net verwarring.

Die wyse waarop sekere van die nie-opsteltipe vrae geformuleer word, help ook om van die eksterne eksamen 'n nagmerrie te maak.

(a) **Kaart-analise**

Alhoewel die opskrif van die tipe vraag aandui dat dit gaan om die ontleding of vertolking van kaarte, vereis die vrae wat onder hierdie opskrif gestel word, weinig insig en interpretasie. Die vrae neig na die tipe vrae wat vroeër in streeksaardrykskunde gevra is — dit moedig net die sinlose memoriseer van die plekname en staatshoofde aan.

'n Tweede beswaar is dat die vrae oor kaarte dikwels op 'n indirekte wyse gevra word. As 'n kandidaat die eerste vraag, wat gaan oor die identifisering van 'n gebied, verkeerd beantwoord het, dan is sy volgende antwoord oor wie die staatshoof van die betrokke gebied is, of watter territoriale reëlings t.o.v. die gebied geld, ook verkeerd. Die vraag wat onwillekeurig by 'n mens opkom, is, wat toets 'n mens nou eintlik met 'n vraag wat so gekamoefleer is? As die eksaminator dink dat dit om een of ander rede belangrik is om te weet wie die president van Zambië is, hoekom vra hy dit nie direk nie? (Vergelyk vraag 7A, HG-eerste vraestel 1980; vraag 7H, SG-eerste vraestel 1980; Vraag 7G, HG-tweede vraestel 1980).

'n Derde beswaar is dat die vrae dikwels so vaag is en die aanwysings op die kaart so onduidelik, dat dit soms grens aan 'n vasvrawedstryd of 'n blokkiesraaisel. (Vergelyk vraag 7G(2), HG-tweede vraestel 1980).

(b) **Vertolking van spotprente**

Spotprente verteenwoordig die opinie van 'n spotprenttekenaar oor 'n bepaalde gebeurtenis. 'n Spotprenttekenaar benader die probleem uit 'n bepaalde ideologiese perspektief. Dit is dus nie noodwendig 'n historiese feit nie. Spotprente moet dus sorgvuldig geselekteer word. Die eksaminator lees dikwels meer in 'n spotprent as wat die werklike bedoeling van die kunstenaar was. Dikwels kan die vrae oor 'n bepaalde spotprent beantwoord word sonder om die spotprent te raadpleeg. (Vergelyk vraag 7B, SG-eerste vraestel, 1980; vraag HG-eerste vraestel 1980; vraag 7D HG-tweede vraestel 1980). Die spotprent verskaf dus nie leidrade nie, maar help om verwarring en twyfel by 'n kandidaat te skep. Dit is geen geheim dat, in die meeste gevalle, die spotprente nie deur die onderwysers vertolk kan word voordat hulle nie insae in die memorandum gehad het nie.

(c) **Verklarende sinne**

Vraag 7F, HG-eerste vraestel 1980, vereis eintlik die onmoontlike. Die opdrag lui soos volg: Skryf 'n verklarende sin oor elk van die volgende en toon aan by elke sin hoedat die VSA van beperkte deelname tot volle deelname aan die Tweede Wêreldoorlog oorgegaan het. Vervolgens word agt onderwerpe gestipuleer, nl. neutraliteitswette, "Cash and Carry", leen-en-pagwet, Atlantiese handves, Robin Moore, Japanese besetting van Frans Indo-China, VSA se hulpverlening aan China en aanval op Pearl Harbour. Indien 'n kandidaat sinvol oor die onderwerpe wil besin, dan moet hy ten minste 'n paragraaf oor elke onderwerp skryf.

(d) **Uittreksel uit briewe of toesprake van volksleiers**

Dikwels word uittreksels van briewe of toesprake van volksleiers gegee en dan word die datum doelbewus uitgelaat. Dit word dan van die kandidate verwag om te raai wanneer die brief geskryf is, of wanneer die toespraak gemaak is. (Vergelyk vraag 7A, HG-tweede vraestel 1980). Weer eens sou 'n mens vir jou die vraag kon afvra, wat word met hierdie soort vraag getoets? Indien die uittreksel binne sy tydsverband geplaas sou word, dan sou 'n mens die kandidaat se insig kon toets.

Uit bogenoemde voorbeelde uit die vraestelle is dit duidelik dat veral die nie-opsteltipe-vrae met baie groter oorleg gekies behoort te word en dat daar baie noukeurig aandag aan die bewoording van die vrae gegee moet word. Daar moet gewaak word teen die siening wat skynbaar besig is om pos te vat, nl. dat indien 'n vraag so gestel word dat die leerling nie weet wat gevra word nie, dat dit dan insig sou toets. 'n Mens sou vir jou die vraag kon afvra in welke mate die aard van die vraestel 'n bydrae lewer om ons vak so onpopulêr te maak. Ek is maar te bewus daarvan dat dit grootliks die aanbieding van die leerstof is wat die leerlinge afskrik vir Geskiedenis, maar in hoe 'n mate dra die vraestel by tot die bepaalde metodes van aanbieding?

Die eksperiment met die nie-opsteltipe vrae is nou vir ongeveer sewe jaar aan die gang. In hierdie tyd is daar nog geen poging aangewend om die waarde, geldigheid of betroubaarheid van hierdie tipe vrae wetenskaplik te ontleed nie. Met die rekenaar tot ons beskikking kan die resultaat van 'n bepaalde eksamen baie maklik ontleed word en op hierdie wyse kan die nie-opsteltipevrae wat nie aan hulle doel beantwoord nie, maklik geëlimineer word. Indien ons die belang van ons vak op die hart dra, behoort daar onverwyld so 'n ontlading gedoen te word. Die inligting kan baie maklik, sonder enige moeite, vanaf die hoofnasieners in elke sentrum verkry word — hier lê 'n veld oop vir 'n sinvolle M.Ed.-verhandeling.

'n Saak wat miskien ook vermelding verdien is die feit dat kandidate herhaaldelik 'n keuse tussen vrae het wat onteenseglik nie dieselfde vaardighede op die oog het nie. (Bv. vraag 3 en vraag 5 Hoër graad, tweede vraestel of die keuse tussen begripstoetse en blote feitelike kortvrae.) Feit is dat sodanige keuses die geldigheid van so 'n vraestel ernstig ondermyn omdat die leerlinge as't ware verskillende wedlope hardloop sonder dat daar deur die puntetoekenning gedifferensieer word tussen hierdie vaardighede. Die feit dat een vraag 'n blote noem van feite vereis en 'n ander die insien van verbande veronderstel moet eenvoudig in die bepunting verreken word.

Ten slotte wil ek ook my bedenking uitspreek oor die instruksie dat opsteltipe-vrae in die toekoms gekategoriseer gaan word in insigvrae en kennisvrae. Dit wil vir my lyk asof dit 'n taamlike arbitrêre verdeling van die Geskiedenis is. In die lig van die lang sillabus wat deurgeworstel moet word, behoort al die gedeeltes in die sillabus wat na die oordeel van die eksamenpaneel slegs parate kennis vereis, stilswygend geïgnoreer te word.